

PREEKBLAADJIE VIR SONDAG, 4 OKTOBER 2026

Skriflesing: Daniël 6

Daniël 6 is nie die verhaal van 'n man wat oornag 'n geloofsheld geword het nie. Dit is die verhaal van 'n man wie se geloof oor baie jare heen gevorm is.

Die boek Daniël begin met 'n jong man wat as balling uit Jerusalem na Babel weggevoer word. Hy verloor sy land, sy tempel, sy bekende wêreld en waarskynlik baie van die sekerhede waarmee hy grootgeword het. Hy word in 'n vreemde kultuur geplaas waar daar sterk druk is om hom te vorm volgens die waardes van die nuwe wêreld waarin hy leef.

En tog lees ons telkens: Daniël bly getrou aan God.

Dit is opvallend dat Daniël in hoofstuk 6 nie eers begin bid omdat daar 'n krisis is nie. Hy bid soos hy gewoon was om te bid.

Dit is miskien die belangrikste sleutel tot die verhaal.

Daniël se geloof was nie in die leeuuil gevorm nie. Die leeuuil het gewys wat reeds in hom gevorm was.

Dit laat ons met 'n belangrike vraag: Hoe word 'n mens se geloof sterk genoeg om geloofsaanslae te weerstaan?

Ons dink soms dat geloof beteken dat ons sterk genoeg moet wees wanneer die groot krisis kom. Maar Daniël wys vir ons iets anders. Geloof word gevorm in die gewone ritme van 'n mens se lewe: deur gebed, gehoorsaamheid, vertrouwe, volharding en 'n daaglikse keuse om God eerste te stel.

Die koning se dekreet verander Daniël se gewoonte nie.

Die bedreiging verander Daniël se gebedslewe nie.

Die leeuuil verander Daniël se vertrouwe op God nie.

Daniël weet nie vooraf hoe God hom gaan red nie. Hy weet net aan wie hy behoort.

En miskien is dit ook vir ons belangrik. Ons leef in 'n wêreld waarin geloof op verskillende maniere aangeval kan word. Soms baie openlik.

Soms baie subtiel. Soms deur vervolging of teenstand. Maar dikwels deur die stadige druk om God al hoe minder belangrik te maak: om ons waardes aan te pas, ons geloof stil te maak, ons gebedslewe af te water of ons lojaliteit aan Christus tweede te stel.

Die vraag is daarom nie net:

“Wat sal ek doen as ek eendag in my eie ‘leeukuil’ beland?”

Die dieper vraag is:

“Hoe leef ek vandag sodat my geloof gevorm word om God getrou te bly wanneer die leeukuil kom?”

Daniël se verhaal herinner ons ook daaraan dat God se teenwoordigheid nie beteken dat ons nooit in ’n leeukuil sal beland nie. Daniël word wel in die kuil gegooi. Maar hy gaan nie alleen daarin nie. Die God aan wie hy sy hele lewe behoort het, is ook daar.

Ons hoef dus nie te weet hoe elke geloofsaanslag gaan eindig nie. Ons word geroep om getrou te bly aan God in die plek waar Hy ons vandag geplaas het.

Vir gesprek in die kleingroep

1. Watter geloofsaanslae of druk ervaar Christene vandag wat dit moeilik kan maak om getrou aan God te bly?
2. Daniël 6 sê dat Daniël gebid het “net soos hy voorheen gedoen het”. Watter geestelike gewoontes help jou om jou geloof te versterk wanneer moeilike tye kom?
3. Dink aan Daniël se hele verhaal in die boek Daniël. Watter oomblik wys vir jou die duidelikste hoe God hom gehelp het om getrou te bly?
4. Daniël het nie geweet dat God hom uit die leeukuil sou red nie. Wat leer dit ons oor die verskil tussen vertroue op God en die verwagting dat God altyd die uitkoms sal gee wat ons hoop?
5. As jy jou eie geloofslawe vandag beoordeel, wat is een konkrete ding wat jy kan doen om jou verhouding met God te verdiep sodat jy beter voorbereid kan wees wanneer geloofsaanslae kom?